

Sing vooraf staande: Psalm 81:10 (p. 412)

- 10 Onder jul mag geen / afgodsbeeld verrys nie: / Ek is God alleen!
Jul mag god of heer / wat die nasies eer, / met geen lofstem prys nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1, 11 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

Vergifnis:

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 16:2 (p. 61)

- 2 Wie hier 'n ander god met gawes eer, / dié sal homself met baie smarte pynig.
Ek sal sy offers uitgiet nóg begeer; / sy afgodsnaam sal nie my mond ontreinig.
My erfdeel is die HEER, my vreugdebeker, / my lot is in sy hand vir ewig seker.

Skriflesing: Psalm 100

Teks: Psalm 100:2-3 Kategismus Sondag 34.

Dien die HERE met blydschap; kom voor sy aangesig met gejubel. Erken dat die HERE God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide. (Psalm 100:2-3 AFR1953)

Hierdie lofpsalm het 'n oproep aan die gelowiges:

- Dien die Here met blydschap!
- Weet dat die Here God is!

Daar is in hierdie groepie psalms nogal iets van 'n stygende lyn:

- Psalm 98:9 stel ons voor die aangesig van die HERE.
. . . want Hy kom om die aarde te oordeel; Hy sal die wêreld rig in geregtigheid en die volke met reg.
- Psalm 99:1 stel ons voor die koningskap van die HERE:
Die HERE is Koning; laat die volke bewe!
- Psalm 100 se boodskap rond die twee voorafgaande psalms af! Die ware gelowige weet die HERE kom oordeel en Hy is die ewige Koning wat op sy troon sit.
 - Daarom is die opdrag: **Dien nou die Here!**
 - Natuurlik word die hele aarde – veral die volk van die Here – opgeroep om die HERE te dien.

Net so is daar ook 'n oproep in die eerste gebod dat die volk van God met blydschap en uit dankbaarheid die Here moet dien en aanbid.

Dit bring ons by onself en ons praktiese godsdiensbeoefening en aanbidding: Hoe dien ons die Here?

- Die eerste ding is dat ons die Here nie dien met uiterlike dwang nie.
 - Ons word nie met swepe en swaarde gedwing om die Here te aanbid nie.
- Dit beteken beslis nie dat ons die Here dan maar net hoef te dien wanneer, of indien, ons lus het nie.
 - Inderdaad verstaan baie mense dit so en dien die Here ook op so 'n ongedissiplineerde manier!
 - Dis natuurlik ook afgodsdien, want dan word jy met jou eie reëls en luste in die plek van God en sy bevele gestel!

Wat is dan nou reg?

- Daar moet 'n innerlike drang by die ware gelowige wees om die Here onophoudelik en met blydschap te wil dien.
- Asaf het dit ook na pynlike geloofsverwardheid uitgevind toe die Here die waarheid aan hom geopenbaar het.

Nogtans is ek altyddeur by U; U het my regterhand gevat. U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlijkheid opneem. Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie. Al beswyk my vlees en my hart – God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid.

(Psalms 73:23-26 AFR1953).

Om 'n ware godsdiens te kan hê, is dit ook nodig dat mens met groot versigtigheid en onderskeidingsvermoë moet aanbid.

- Die rede is baie eenvoudig: Nie alle godsdienste is reg en suiwer nie.
- Die Bybel self praat van valse geloof en valse gelowiges.
- Valse geloof lê baie wyd uitgesprei oor die geloofspektrum. Dit wissel van totale heidense afgodery tot afgodery in die christendom.
 - Ons belydenis noem vyf dinge waarteen ons moet waak as ons ons godsdiens suiwer wil beoefen: *alle afgodery (a), towery, waarsêery, bygeloof (b), aanroeping van heiliges of ander skepsels.*

Die hoofsonde is afgodery. Afgodery het 'n bepaalde definisie. Ons weet presies wat afgodery is. Ons hoef dus nie daarvoor te spekuleer of allerhande wyskede kwyte te raak nie!

- Afgodery is wanneer ons enige iets of iemand buiten die Here het waarop ons ons geloof en vertrouwe stel.
- Sommige kere word ons liefde vir enige iets of iemand anders as die Here ook as afgodery verklaar.

As ons 'n suiwer godsdiens wil beoefen, moet ons dus baie ver van enige afgodery af wegbly. Die Here gee so 'n opdrag aan sy kerk!

My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amen. (1 Johannes 5:21 AFR1953)

Afgodery is vir die Here 'n baie ernstige saak.

- Daar is talle *sondelysies* wat deur die Here gegee word – en bitter min kere staan afgodery nie iewers in daardie lysie nie.
- Die sonde van afgodery word deur die Here geskakel aan dinge wat ons in ons moderne lewe glad nie eers meer as sonde sien nie!

- Daarom is dit dalk bitterlik nodig dat ons aanhoudend sal moet selfondersoek doen oor die ding van afgodery – of ons nie dalk al daarmee besig is sonder dat ons dit besef nie!

Daar is soms dinge wat mense doen en wat hulle dink – wat hulle dink en glo reg is – maar dan sien die Here dit in heeltemal 'n ander lig.

- In die Romeinebrief verwys die Here na afgodediens en die gevolge daarvan in die verdierliking van mense se optrede.
- Natuurlik verwys die Here hier uiteindelik na homoseksualisme – die Here self bring dit in verband met afgodsdienste:

Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gendien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen.

(Romeine 1:22-25 AFR1953)

In die brief aan die Korintiërs is daar ook so 'n lysie van allerhande sondes wat met mekaar verband hou – en dan staan hoerery en afgodediens ook heel bo-aan die lysie. Let ook op dat hierdie sondelys die sondes wat genoem word, almal as dwaalleer bestempel!

Of weet julle nie dat die onregverdige die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.

(1 Korintiërs 6:9-10 AFR1953)

Ateïsme is afgodsdienste. Dis 'n soort godsdiens waarin jy die Here vervang met iets anders – al is dit met ongeloof en die eie verwaandheid oor die bestaan van God!

Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade; daar is niemand wat goed doen nie. (Psalm 14:1 AFR1953)

Baie mense dink dat dit wonderlik is om liberaal te wees.

- Dit is vir 'n groot aantal mense die in-ding om te kan sê dat hulle nie meer vetergatsielig is nie en dat hulle nie meer deur allerhande ou reëls gebind word nie.
- Dan is sulke mense nogal baie neerhalend oor mense wat konserwatief en behoudend is (terwyl hulle nie hulle verste toekoms anderkant die graf kan raaksien nie!).
- Die Here sien daardie ding as diens aan die wêreld – en dus afgodsdienste.

Hoe voel en dink die Here daarvoor?

Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig. (1 Johannes 2:15-17 AFR1953)

Dit gaan deesdae bitter swaar om mense te oortuig dat hulle gejaag na geld 'n soort afgodsdienste is!

- Die Here se boodskap aan sulke mense is dat hulle twee here dien!
- Die Bybel speel Godsdiens af teenoor die najaag van geld – met slegte gevolge!

Niemand kan twee here dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie! Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe – wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam – wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? (Matteus 6:24-25 AFR1953)

Miskien is dit goed om hier spesifiek ook te dink aan wat die Here vir Timoteus laat weet:

Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor. Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid.

(1 Timoteus 6:9-11 AFR1953)

Dink ons nog so diep oor mense vir wie ons heldeverering het dat ons besef dat dit ook in afgodsdienste kan ontaard? Die gevaar is dalk selfs dat ons ander mense se vermoëns – of ons eie! – kan oorskakel!

Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie. Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan. (Psalm 146:3-4 AFR1953)

Wat sê ons nou van al dié dinge? Dit: Hierdie sonde van afgodery is baie ernstiger as wat ons normaalweg dink. Dis ook een van die sondes wat mens makliker kan bekruip en vastrek as waarop ons bedag is. Dit is 'n sonde met 'n baie slegte uiteinde – lees maar wat staan daarvan geskryf in Openbaring 22:

Salig is die wat sy geboorte doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodediensers en elkeen wat leuens liefhet en doen. (Openbaring 22:14-15 AFR1953)

Kom ons kyk saam wat ons belydenisskrifte hiervan leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 34:

Vraag 92: Hoe lui die Wet van die Here?

Antwoord: God het al hierdie geboorte aangekondig (Eks 20:1-17; Deut 5:6-21): Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het.

Die eerste gebod

Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Die tweede gebod

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder die aarde is of van wat in die water onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en nie dien nie, want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en die vierde geslag van die wat My haat. En Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en My geboorte onderhou.

Die derde gebod

Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Die vierde gebod

Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen, maar die sewende dag is die sabbat van die Here, dan mag jy geen werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het Hy die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Die vyfde gebod

Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.

Die sesde gebod

Jy mag nie doodslaan nie.

Die sewende gebod

Jy mag nie egbreek nie.

Die agste gebod

Jy mag nie steel nie.

Die negende gebod

Jy mag geen vals getuienis teen jou naaste spreek nie.

Die tiende gebod

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg, of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

Vraag 93: Hoe word hierdie gebooue ingedeel?

Antwoord: In twee tafels (a), waarvan die eerste in vier gebooue ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede in ses gebooue, wat ons aan ons naaste verskuldig is (b).

(a) Deut 4:13; Eks 34:28; Deut 10:3, 4. (b) Matt 22:37, 40.

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery (a), towery, waarsêery, bygeloof (b), aanroeping van heiliges of ander skepsels (c) vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken (d), Hom alleen vertrou (e), my slegs aan Hom met alle nederigheid (f) en geduld onderwerp (g) en van Hom alleen alle goeie dinge (h) verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê (i), vrees (j) en eer (k). Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel (1).

(a) 1 Joh 5:21; 1 Kor 6:10; 10:7, 14. (b) Lev 19:31 Deut 18:9, 10, (c) Matt 4:10; Op 19:10; 22:8, 9. (d) Joh 17:3.

(e) Jer 17:5, 7. (f) 1 Pet 5:5. (g) Heb 10:36; Kol 1:11; Rom 5:3, 4; 1 Kor 10:10; Fil 2:14. (h) Ps 104:27; Jes 45:7;

Jak 1:17. (i) Deut 6:5; Matt 22:37. (j) Deut 6:2; Ps 111:10; Spr 1:7, 9:10; Matt 10:28. (k) Matt 4:10; Deut 10:20.

(1) Matt 5:29; 10:37; Hand 5:29.

Vraag 95: Wat is afgodery?

Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar, het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrou stel (a).

(a) Ef 5:5; 1 Kron 16:26; Fil 3:19; Gal 4:8; Ef 2:12; 1 Joh 2:23; 2 Joh 9; Joh 5:23.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 89:6 (p. 445)

- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.